# God se Kerk......



Deo Gloria Community Church
Rockingham

# Week 7 – 'n Christus-gesentreerde kerk

GEHEUEVERS: *1 Timoteus. 4:8. 8. Om jou liggaam te oefen, het wel ’n bietjie waarde, maar om in toewyding aan God te lewe, het in alle opsigte groot waarde, want dit bevat ’n belofte van lewe, vir nou en die toekoms.*

## Inleiding tot hierdie week se studie

Fisieke fiksheid is voordelig vir ons gesondheid, dit hou die liggaam in vorm, ons gedagtes skerp gefokus en gee ons energie. In hierdie week se gedeelte verduidelik Paulus egter dat geestelike fiksheid selfs meer waardevol en noodsaaklik is vir die Christelike lewe. Ons moet in God se waarhede toegerus word om 'n Goddelike lewe te lei. Ons moedig jou aan om jou geestelike welstand in ag te neem en jou uit te daag om ander in die gemeente op hulle reis te help.

Kern waarheid

*Geestelike fiksheid is van kritieke belang vir 'n Christen, sonder dit sal ons stagneer.*

## DAG 1 – Wees versigtig

## PERSOONLIKE STUDIE

*Lees die volgende Skrifgedeeltes, let op die omstandighede en pas die waarhede op jou lewe toe:*

*1 Timoteus 4:1-6 en Johannes 8:44*

1. Noem die belangrike punte wat Paulus vir Timoteus opdrag gee om uit te wys.

2. Watter valse leuens het jou nog geestelik in besit? Vra God biddend om jou te help om dit te oorwin.

**Gebed**

## DAG 2 – Goed gevoed

## PERSOONLIKE STUDIE

*Lees die volgende Skrifgedeeltes, let op die omstandighede en pas die waarhede op jou lewe toe:*

*1Timoteus 4:7-8*

1. Waarom is geestelike kos 'n belangrike deel van ons groei as dissipels?

2. Op watter maniere kan ons onsself gereeld in die geloof voed?

**Gebed**

## DAG 3 - Die waarde van om in toewyding aan God te leef

### PERSOONLIKE STUDIE

*Lees die volgende Skrifgedeeltes, let op die omstandighede en pas die waarhede op jou lewe toe:*

*1Timoteus 4:9-10*

1. Wat beteken dit dat 'n volgeling van Jesus in toewyding aan God leef, wat is die waarde om in toewyding aan God te leef?

2. Hoe kan ons meer geestelik gedissiplineerd wees?

**Bidr**

## DAG 4 – Wees die voorbeeld

## PERSOONLIKE STUDIE

*Lees die volgende Skrifgedeeltes, let op die omstandighede en pas die waarhede op jou lewe toe:*

*1Timoteus 4:11-12*

1. Waarom is dit belangrik in vandag se samelewing om 'n voorbeeld in geloof te wees?

2. Noem die sleutel areas wat Paulus leer waarin ons voorbeelde moet wees.

**Gebed**

## DAG 5 – Lewe waarhede wat impak het

## PERSOONLIKE STUDIE

*Lees die volgende Skrifgedeeltes, let op die omstandighede en pas die waarhede op jou lewe toe:*

*1 Timoteus 4:15-16*

1. Dink terug oor die laaste paar maande en identifiseer gebiede waar jy geestelik gegroei het. Lys gebiede waar jy geestelik wil groei.

2. Hoe maak God se Woord (leerstelling) in jou lewe 'n impak?

**Gebed**

# KLEINGROEP BESPREKING

## Gebed

**Toewyding:** (Skandeer QR-kode op volgende bladsy of gaan na ons webwerf by www.deogloriarockingham.com om hierdie week se pitkos te kyk)

## Besprekingsvrae

Lees 1 Timoteus 4:1-6. Bespreek watter misleidende geeste jou gemeenskap beïnvloed**.**

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

Lees 1 Timoteus 4:7-8, 1 Timoteus 6:6 en Psalm 37:3-4. Hoe help “heilige tevredenheid” om 'n bevredigende Godgerigte-lewe te lei?

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

Lees 1 Timoteus 4:11-14. Maak 'n lys van die maniere waarop ons mekaar moet “dissipel.”

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

Bespreek strategieë hoe dit prakties in jou gesin, kleingroep en kerk geïmplementeer kan word.

## REFLEKSIE

Een van die sterk temas van hierdie brief is godsvrug en godvrugtige lewe. Die dwaalleraars in Efese was geneig om wetties te wees, gefokus op die nakoming van 'n eksterne wet. Jesus het 'n soortgelyke konflik gehad met die Fariseërs van sy tyd, wat toewyding aan God deur wettisisme gesoek het. As hulle al die punte van die wet onderhou het, het hulle geredeneer, sou hulle werklik regverdige mense wees. Die probleem is dat hulle uiterlik regverdig was, maar innerlik verdorwe. Die tema van hierdie hoofstuk is dieselfde: uiterlike geregtigheid teenoor innerlike godsvrug.

**Sluit in gebed**